

# RIEPIE 2WEEKLIKS

17 April 2026

UITGAWE 70

**HOU DIE DATUMS OOP:**

Kwartaal 2

**RUGBY & NETBAL**

Toer na St. Stithians.

**HOKKIE**

*Twee gekies vir Limpopo.*

**SUPER M'ETJIES**

*Musiek maak jou litte los.*

**#LEWENSKWALITEIT**

# Positiwiteit

TROTSE RIEPIE

LEWE & STREWE



Uit die pen van

# Juf. Denise

Thomas Edison het 10,000 keer probeer om sy gloeilamp te laat werk, en het elke keer gefaal. As reaksie op sy mislukte pogings het hy gesê: *"I have not failed. I've just found 10,000 ways that won't work."*
'n Positiewe gesindheid beteken nie om vir jouself en ander 'n leuen te laat glo en realiteite te ontken nie. Die lewe gooi ons rond, maak seer en is nie aldag maklik nie. Ons het nie altyd beheer oor wat met ons gebeur nie, maar ons is altyd in beheer van ons gesindheid.

**Positiwiteit IS :**

- 'n doelbewuste lewenshouding wat jy aanleer om elke keer dit wat opbouend is, raak te sien.
- om nuwe moontlikhede in enige situasie raak te sien en te ontwikkel.

**Positiwiteit IS NIE :**

- ontkenning van die realiteit nie, maar 'n keuse om nie die negatiewe te laat seëvier nie.
- ongegronde vertroue in vermoëns wat jy nie het nie, maar dis juis om te weet dat God jou en die vermoëns wat jy wel het, seën.

## Dit gee LEWENSKWALITEIT.

Jy het meer invloed oor die kwaliteit van jou lewe as enige iemand anders. Jy neem elke dag bewustelik en onbewustelik besluite wat jou lewe beïnvloed. Met 'n positiewe gesindheid sal jy beter besluite neem wat jou lewe sal vul met passie, liefde en vreugde.

***Baie dankie dat julle elke dag POSITIEF is oor die toekoms van ons skool. Ons skool se kinders is gelukkig, ons personeel intensioneel en ons ouers betrokke. Ons aanvaar dit as vanselfsprekend, maar wees verseker, dit werk nie oral so nie.***

Baie sterkte vir hierdie kwartaal. Bly positief, hou die kalender en nuusbriewe dop, dit gaan bitter besig wees.

admin@laerskoolmariepskop.com 079 529 6071 Maréstraat 9, Kampersrus

# DAGBOEK DIE DATUMS

**Kwartaal 2**

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| 23 Apr. | Do. | Netbal : Vriendskaplik vs LA @ Ls. Mariepskop |
| 24 Apr. | Vr. | VR-education |
| 25 Apr. | Sa. | Mininetbal : PEP mininetbaldag @ Ls. Drakensig |
| 27 Apr. | Ma. | VRYHEIDSDAG |
| 1 Mei | Vr. | WERKERSDAG |
| 5 Mei | Di. | Rugby : Letaba-proewe |
| 6 Mei | Wo. | Juffrou Annie verjaar |
| | | Kleuterskool : Mammamiddag |
| 7 Mei | Do. | Khomotso verjaar |
| | | Rugby : Liga vs Unicorn @ Ls. Mariepskop |
| | | Netbal : Vriendskaplik vs Southern Cross @ Ls. Mariepskop |
| 8 Mei | Vr. | Netbal : Finale proewe |
| | | Juffrou Irma verjaar |
| 9 Mei | Sa. | Netbal : Finale proewe |
| 10 Mei | So. | Moedersdag |
| 12 Mei | Di. | Merriam verjaar |
| | | Rugby : Liga vs Ohrigstad @ Ls. Ohrigstad |
| 14 Mei | Do. | Hemelvaartdag |
| 15 Mei | Vr. | Rugby : Provinsiale proewe o. 12 |
| 16 Mei | Sa. | Rugby : Provinsiale proewe o. 13 |
| | | Bulletjierugby & Mininetbal @ Rooiskool |
| 19 Mei | Di. | Netbal : Liga vs Drakensig @ Ls. Mariepskop |
| | | Rugby : Big 5 vs Drakensig @ Ls. Mariepskop |
| 21 Mei | Do. | Rugby : Big 5 vs Dr. Annecke @ Ls. Dr. Annecke |
| 22 Mei | Vr. | Rugby : Provinsiale oefenkamp |
| | | Netbal : Provinsiale oefenkamp (Alle ouderdomme) |

***NEEM KENNIS** : Alle datums is onderhewig aan verandering.*

# DAGBOEK DIE DATUMS

Kwartaal 2

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| 23 Mei | Sa. | Bulletjierugby & mininetbal @ Ls. Duiwelskloof |
| 25 Mei | Ma. | Rugby : Big 5 vs Duiwelskloof @ Ls. Duiwelskloof |
| 26 Mei | Di. | Netbal : Mopani Laerskool-kampioenskappe |
| 28 Mei | Do. | Rugby : Liga vs Heuwelkruin @ Hs. Ben Vorster |
| 29 Mei | Vr. | Netbal : Provinsiale oefenkamp (Alle ouderdomme) |
| 30 Mei | Sa. | Bulletjierugby & mininetbal @ Ls. Mariepskop |
| | | Netbal : B-liga kampioenskappe |
| 31 Mei | So. | Juffrou Mareli verjaar |
| 1 Jun. | Ma. | EKSAMEN : EBW (Gr.7) |
| 2 Jun. | Di. | Rugby : Big 5 vs Rooiskool @ Ls. Phalaborwa-Noord (Rooiskool) |
| | | EKSAMEN : SW (Gesk.) |
| 4 Jun. | Do. | EKSAMEN : SW (Geo.) |
| 5 Jun. | Vr. | Rugby : Provinsiale rondte 1 |
| | | EKSAMEN : AFRIKAANS |
| | | Floyd verjaar |
| 6 Jun. | Sa. | Provinsiale rondte 2 |
| 8 Jun. | Ma. | EKSAMEN : WISKUNDE 1 |
| 9 Jun. | Di. | Juffrou Marjorie verjaar |
| | | EKSAMEN : ENGELS |
| 10 Jun. | Wo. | EKSAMEN : NWT |
| 11 Jun. | Do. | EKSAMEN : WISKUNDE 2 |
| 12 Jun. | Vr. | Rugby : Provinsiale rondte 3 |
| | | EKSAMEN : TEG. (Gr.7) |
| 13 Jun. | Sa. | Rugby : Provinsiale rondte 3 |

***NEEM KENNIS*** *: Alle datums is onderhewig aan verandering.*

admin@laerskoolmariepskop.com 079 529 6071 Maréstraat 9, Kampersrus

# DAGBOEK DIE DATUMS

**Kwartaal 2**



| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| **16 Jun.** | **Di.** | JEUGDAG |
| **17 Jun.** | **Wo.** | Rugby : Limpopo-kampioenskappe (Klein en medium) @ PHS |
| | | EKSAMEN : GEEN |
| **18 Jun.** | **Do.** | EKSAMEN : KUNS |
| **19 Jun.** | **Vr.** | EKSAMEN : PSW / LO |
| **21 Jun.** | **So.** | Hokkiekliniek (Seniors) |
| | | Rugby : Provinsiale rondte 4 |
| | | **Juffrou Denise verjaar** |
| | | Vadersdag |
| **22 Jun.** | **Ma.** | Rugby : Provinsiale rondte 4 |
| | | Hokkiekliniek (Seniors) |
| **23 Jun.** | **Di.** | Hokkiekliniek (Seniors) |
| **24 Jun.** | **Wo.** | Hokkiekliniek (Juniors) |
| **26 Jun.** | **Vr.** | **SKOOL SLUIT** |

***NEEM KENNIS*** *: Alle datums is onderhewig aan verandering.*

Juf. Corlia sê....



*"The capacity to learn is a gift; the ability to learn is a skill; the willingness to learn is a choice."*

*- Brian Herbert -*

admin@laerskoolmariepskop.com
079 529 6071
Maréstraat 9, Kampersrus

RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN


## NETBAL PROEWE

Baie geluk aan ons o.12- en o.13-dogters wat aan die kringproewe vir netbal deelgeneem het op 13 April. Laerskool Mariepskop het onderskuidelik vyf o.12- en vyf o.13-dogters wat deurgedring het na die streeksproewe, wat op Donderdag 16 April by Dr. Annecke plaasgevind het. Anezke Vorster, Rumé Scheepers, Dimpho Moakamela, Loveness Chiloane en Alidah Mahlangu (o. 13). Ami Bezuidenhout, Miné Erasmus, Caitlin Murdoch, Zelke Roux, Shaylin Spies en Milah Erasmus (o.12). Ami Bezuidenhout dring by die streeksproewe deur na die volgende rondte.

Ons spog ook met twee o.14-dogters wat deurgedring het na die Limpopo netbalproewe : Fortunate Seerane en Notha Mthetwa.

Baie geluk en sterkte aan elkeen van hierdie dogters vir die volgende rondte.



## ST. STITHIANS

Die o. 12- en o. 13-dogters het bewys dat die Riepies nie bang is om teen baie groter skole deel te neem nie. Elke span het 9 wedstryde gespeel en baie uit elke wedstryd geleer. Hierdie toer was soveel meer as net wen of verloor. Die meisies het ongelooflike deursettingsvermoë, karakter en *grit* gewys. Oor die drie dae het hulle nie net as spelers gegroei nie, maar ook as jongmense - hulle moes leer om op te staan na teleurstellings, om nederigheid altyd eerste te stel en om mekaar op te tel en aan te hou veg…ware sportmangees het uiteindelik geseëvier.








admin@laerskoolmariepskop.com
079 529 6071
Maréstraat 9, Kampersrus

RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN

## RUGBY ST. STITHIANS

Ons jongmanne het hulself in uiters nat omstandighede besonder goed van hul taak gekwyt. Die span spog met 'n wenrekord van 75%, wat 'n uitstekende prestasie is.
Die gees was nie net op die veld hoog nie, maar ook daarbuite, waar die seuns hulself terdeë geniet het met aktiwiteite soos lasertag, die tradisionele "toktokkie"-aande en vroegoggend swemsessies.
Hierdie ervarings dra by tot die bou van sterk kameraadskap onder die seuns, en ons sien met groot opgewondenheid uit na die seisoen wat voorlê.





## HOKKIE

Baie geluk aan Tanya Prinsloo met haar insluiting in die Provinsiale B-hokkiespan vir o.13- dogters.
Ons wens ook vir Dudu Mulati geluk met haar verkiesing tot die Provinsiale A-hokkiespan (ITP) vir o.13-dogters.
Laerskool Mariepskop is ongelooflik trots op hierdie dogters en hul prestasies.



## REDENAARS

Nege Riepie-raakpraters vorder na die ATKV-redenaars se volgende rondte op Maandag 20 April te Hoërskool Merensky. Die voorsitter sal toesprake oor "geraas, kriewel, huiswerk en koers" moet aanhoor. Baie ure se oefen gedurende die vakansie moet nou afbetaal. Baie sterkte!
Mekenzie Blunden, Lente Huddle, Mia Badenhorst, Leah Schoeman, JG Schoeman, James Read, Mia Nel, Hayleigh Blom, Aila Badenhorst.



RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN

## RENIER ROOIDUIKER

**Sias Pretorius** het eerste vir Renier die Rooiduiker opgespoor. Dit is lekker om te sien dat die leerders ook die R2W lees. Die spelfout is weereens nie deur enige iemand aangedui nie.



'n Mens skryf altyd "huis toe" as twee los woorde. So ook : see toe, skool toe, winkel toe, kantoor toe.
**Huistoe is altyd 'n spelfout.*

Kyk uit vir dié week se spelfout en kyk noukeurig of jy vir Renier die Rooiduiker kan opspoor - hy steek dalk meer as een keer kop uit.

## PERSONEEL

Graad 1-juffies is 'n ander soort van besonders…nie net kan hulle die kleinste maatjies in die skool leer om te lees, skryf en somme maak nie, maar dié twee weet ook hoe om tyd te maak in 'n baie besige skedule vir persoonlike groei. Baie geluk aan **Juf. Donné Grobler** wat haar onderwysgraad verwerf het. **Juf. Mareli Jansen van Rensburg** het aan die Twee Oseane Halfmaraton deelgeneem en dit suksesvol klaargemaak. Hoe bevoorreg is die Riepies nie om julle in ons span te kan hê nie. Ons is baie trots op julle!





## LIEF EN LEED

**Jacobus en MJ van der Westhuyzen** was in 'n ernstige ongeluk gedurende die vakansie. Jacobus is gelukkig weer terug by die skool, maar MJ ondergaan nog baie mediese behandeling. Ten spyte hiervan is hy positief en glimlag hy die heeltyd. Sy grootste bekommernis is dat hy die rugbyseisoen dalk heeltemal gaan misloop en al die skoolwerk waarmee hy agter raak! Vasbyt, MJ. Ons sien uit om jou terug by die skool te hê.



Daar was nog nie 'n R2W-uitgawe uit nadat ons die skoknuus gekry het van **Bahumi Thabana** (graad 1) wat tydens die vakansie oorlede is nie. Ons plaas graag vir oulaas 'n herinnering aan Bahumi. Ons gaan jou breë glimlag en blink ogies mis. Rus in vrede.



admin@laerskoolmariepskop.com 079 529 6071 Maréstraat 9, Kampersrus

RIEPIE-PERSONEEL

#BEGINNET

# April

## VERJAARSDAE

**4** Tannie Irene Mashigo




**6** Tannie Migotte Mogakane




**11** Tannie Carien de Lange




**16** Tannie Lydia Louw




admin@laerskoolmariepskop.com 079 529 6071 Maréstraat 9, Kampersrus





## SO GEMAAK... SUPER M'ETJES!



Baie geluk juffrou Lizel Theron en haar gesin met nog 'n klein boetie wat op pad is. Drie seuntjies - mag julle huis oorloop van lag, liefde en vreugde.

Welkom by die lekkerplekkie, juffrou Joanne.




## Kleuterklets

Terwyl ons lekker oor musiekinstrumente gesels, vra die juffrou : "Wat noem ons 'n groep mense wat saam verskillende instrumente speel?"
Kleuter: "'n Trop, Juffrou."



## Tema

Musiek kan maklik aan 'n mens se hartsnare tokkel en sommer 'n klomp emosies aanwakker - van hartseer tot vreugde. Hier by die lekkerplekkie laat musiek die juffrouens soms verstom, want hier beteken musiek:


- dans so snaaks as wat jy kan
- lawaai soveel as wat jy kan
- lag sonder ophou

Daar is min dinge so lekker soos om jou hele lyfie te beweeg en dit op die maat van musiek. Ons jolige tema het bygedra tot die bou van selfvertroue by die kleuters. Dit het soms vir die juffrouens gevoel asof hul ore tuit, maar hul weet dat die vreugde wat musiek in dié week aan die kleuters verskaf het, absoluut die moeite werd was.

# LET ME MANAGE YOUR *social media*

SO YOU CAN FOCUS ON WHAT YOU DO BEST

**SOCIAL MEDIA MANAGMENT SERVICES**





*Ready to elevate your online presence?*

CC MARKETING
*Telling your brand story right*

CONSISTENT POSTING | STRATEGIC PLANNING | ENGAGED AUDIENCE

**Kate | 082 822 9101 | info@creativecate.co.za**



# ADVERTEER IN DIE RIEPIE2WEEKLIKS!

**Bereik 300 gesinne in een uitgawe!**
**2000+ followers op Facebook!**

**R300 - 1ste plasing**
**R200 - vanaf 2de plasing**

Chantelle Redelinghuys
072 958 0079